

## 6 lesse van Sexpo

Deur Netwerk24.com 29 September 2015 07:35

Die gewildste seksspeelding werk met 'n app (en lyk nie naastenby soos 'n penis nie) en 'n Thaise student het R20 000 gewen met paaldans by vanjaar se Sexpo, berig Le Roux Schoeman.

Die gewildste seksspeelding werk met 'n app (en lyk nie naastenby soos 'n penis nie) en 'n Thaise student het R20 000 gewen met paaldans by vanjaar se Sexpo, berig Le Roux Schoeman. Waarskuwing: Hierdie berig handel oor volwasse temas en is nie geskik vir kinders nie.

Irritasie speel om Jo Grobler se mondhoeke terwyl hy karring aan sy stalletjie se kredietkaartmasjien. Dis Dag Een van die vierdaagse Sexpo en nie die tyd of plek vir 'n steekse betaalpunt nie. Jy maak 'n fout as jy dink mense kom hier na Gallagher Estate in Midrand om net te kyk en te giggel. Daar is weliswaar 'n soms sirkusagtige atmosfeer, maar hier werk die kredietkaarte heelwat harder as die paaldansers of skraps geklede "aktiveerders" (sien video hieronder) wat tussen die duisende besoekers rondloop en almal herinner dat dit per slot van rekening hier om die lyflike gaan. In geheel beskou is die Sexpo as reuse-skou soos iets gebore uit 'n "ménage à trois" tussen Boswell Wilkie, Adult World en Verimark.

Wanneer die kredietkaarmasjientjie uiteindelik weer begin strokies spoeg, vertel 'n meer ontspanne Jo sy naam is eintlik Johannes, maar dat Jo "in hierdie bedryf" beter werk.

### Les 1

Só word selfoontechnologie ingespan vir seks; afstandbeheer ook deel van die ding

Baie speelgoed het wegbeweeg van die penis-vorm. Ek dink dis oor vroue betrokke geraak het in die bedryf en nou besig is om speelgoed te ontwerp wat mooi lyk

Sharon Gordon, eienaar van Lola Montez

Die deel van die groter volwassevermaak-bedryf waarin Jo hom bevind, is naamlik die hoogs ontwikkelde seksspeelgoed vir gesofistikeerde paartjies. En in daardie liga, is die groot wenner 'n klein klampagtige patent wat kom met 'n app. Die We Vibe Classic kos jou (teen Sexpo-prys) R2 300 en – ietwat onheilspellend vir penis-eienaars – is dalk net die mins falliese ding by die ekspos. Maar die outjie werk soos 'n bom, aldus Jo, wat teen laatmiddag op Dag 1 sowat reeds 20 van hulle geswaai het.

"Dis tans die innoverendste volwasse produkte op die mark. Jy laai 'n applikasie af waarmee jy dan via jou selfoon die beheer van hierdie klein masjientjie kan oorneem. Hulle noem dit 'n 'couples toy','" vertel Jo, wat sy hare afgeskeer dra, met 'n byderwetse bril wat hom bietjie soos 'n argitek laat lyk. Wanneer Jo-die-verkoopsman mooi op dreuf kom, staan hy - voorbeeldmasjientjie sorgsaam in hand – bene gemaklik uitmekaar geplant en gee 'n opvoedkundige "sales pitch" wat herinner aan Spiekeries Viviers wat rugby oor die radio uitsaai. Keurige Afrikaans teen haastig-maar-nie-weghol-tempo: "Die man penetreer van die onderkant af, daai gedeelte kom in die vagina, die boonste gedeelte rus op die klitoris en dan kan jy die vibrasie beheer hetsy met 'n afstandbeheer of van jou selfoon af – al vir die laaste vier tot vyf jaar een van die topverkopers ter wêreld."

Hy skep asem en sê die We Vibe verander die moontlikhede vir paartjies in langafstandverhoudings. "Jy kan byvoorbeeld in Dubai sit en vir jou vrou 'n vinnige SMS stuur en sê, my ding, sit gou die masjientjie aan. Dan beheer jy hom van jou selfoon, via haar selfoon, wat dan die met die speelding praat. En jy kan hom basies beheer dat jy van 'Mexican Waves' doen tot... noem dit. En hy werk ondanks 'load shedding'."

### Les 2

Die wending in voorkoms van seksspeelgoed weerspieël vroue se groter sê in dié bedryf, meen kenner

Ons het die sensualiteit van paaldans verloor," meen Juanita Fouch, die eienaar en stigter van Basic Instincts Studios.

Sharon Gordon is van Lola Montez wat erotiese toebehore verkoop. Sy stal nie vanjaar by die Sexpo uit nie, maar op haar T-hemp staan "Toy Tester" en sy praat met erns en 'n grondige kundigheid oor tendense in dié bedryf.

“Baie speelgoed het wegbeweeg van die penis-vorm. Ek dink dis oor vroue betrokke geraak het in die bedryf en nou besig is om speelgoed te ontwerp wat mooi lyk.”

Sy lig die sluier rondom die drastiese verskil in groottes van seksspeelgoed deur te begin by ’n item wat soos ’n bofbalkolf lyk.

“Ons begin hier, want dit kan nogal vrees inboesem. Dit word die Wand genoem,” verduidelik sy en skerts dat indien jou kinders daarop afkom, jy kan sê dis ’n nekmasseerder. Dan praat sy ’n mens deur die items wat soos orrelpypies voor haar op ’n glaskas lê, met die We Vibe wat hom selfingenome effens eenkant hou.

Beteken dit die penis is dalk besig om in evolusionêre terme die wind van voor te kry? Nee, meen Gordon.

“Die penis is fantasties vir orgasmes, maar jy moet onthou, die meeste mense word groot in baie konserwatiewe huise, so hulle het ’n hele aantal komplikasies rondom seks. So die penis is iets om te vrees. Daarom wil heelwat vroue juis nie iets koop wat penisvormig is nie.

Ook Gordon is opgewonde oor die We Vibe en die harnas van tegnologie in die meedoënlose globale sug na orgasme.

“En dit het ’n afstandbeheer – en ons weet hoe gek mans daarna is!”

### Les 3

Sommige kom om seksdrang te verhoog, ander word hierheen gedryf deur einste drang

Die Sexpo het vanjaar op Erfenisdag afgeskop en duisende besoekers het ernstig kom inkopies doen. By die lang ry OTM’s by die aankomsgedeelte sukkel Tasmeeen Smith om haar opwinding weg te steek. Op haar T-hemp staan: “My nipples get harder than sum guys dicks” en tydens ’n kort gesprek met haar verlaat die glimlag nooit haar gesig nie.

“Sommige mense is bang om openlik oor seks te gesels. Ek wil opvoeding hê. Ek wil séksopvoeding hê,” vertel sy.

Ander besoekers is meer gelate, soos Roan Struwig. Hy het met sy vrou en broer en dié se vrou gekom en hulle drentel verby dildo’s soos net nog vier mense op enige middag in ’n Makro.

### Les 4

Vanielje is pornovaktaal vir voorspelbaar, vervelig

Een van die gereelde foefies by Sexpo, is die geleentheid om geselsies aan te knoop met akteurs en aktrises wat in porno’s speel. Misty Stone is een só ’n aktrise. Dis dié Amerikaner se eerste besoek aan Suid-Afrika en hier sit sy, op ’n hoë stoeltjie omring met pornografie en als aan haar is dun behalwe haar grimering. Sy’t op 20 begin speel in bloufliëks en Stephan en Pauline Beukes herken haar. Hoe?

“Van die internet af,” sê Stephan.

Die Beukes-egpaar het met haar gaan gesels en van die ander porno-“sterre” en Pauline se gevoltrekking ná een haar vertel het van ’n besoek aan ’n leepark, is: “Hulle is ook maar net mens.”

Raak porno ooit vervelig, wonder ’n mens? Hierop antwoord Stone, wat ook as die “Halle Berry van porn” beskryf is, met drif: “O ja, dit kan beslis vervelig raak. Dit kan baie vanielje wees. As dit net “wham-bam”-tuisblyseks is. Jy wil nie dit sien nie. Jy wil na iets kyk met passievolle soenery, met spoeg en speeksel, jy weet, miskien bietjie ‘slapping’,” en sy raai aan: “Moenie die gewone doen nie, skat, doen die buitengewone.”

### Les 5

Die verskeidenheid oorweldig aanvanklik, maar dan plat dit af, vir sommige

Om die draai van Misty is ene Lulu besig met die taamlik ongewone, terwyl haar vriendin Philie K toekyk. Lulu (sy wou nie haar van gee nie) word by Different Strokes se interaktiewe stalletjie vasgebind. Twee mans is besig om ’n dik tou om haar middel te bind met ’n knoop wat ’n presidentsverkenner sal jaloers maak. Die netjiese touwerk is nodig, want oomblikke later word Lulu pens en pootjies die lug opgehys en sy hang sowat 1,5 m van die grond met ’n groter wordende skare omstanders wat kyk hoe sy kweel van genot. Onder (ab)normale omstandighede – afhangende van jou perspektief op “spanking” – sal die roede op hierdie punt op Lulu

ingelê word. Maar daar volg net 'n beleefde applous toe die presidentsverkenners haar weer laat sak en begin ontknoop. Dis nogal 'n kenmerk van die Sexpo. Daar word deeglik kennis geneem eerder as noodwendig uitgeleef. Daar heers 'n mate van dekorum wat Sexpo-kritici stellig sal verras. Oor die algemeen word die platvloerse vermy ondanks die gul aanbod van wat vele Suid-Afrikaners aanvegbaar of onaanvaarbaar vind, soos byvoorbeeld eksplisiete pornografie en seermaakseks.

Die gemene deler in die grotagtige uitstalruimte hier in Midrand is wel 'n oopheid rondom seksualiteit. Refentse Monkoe staan drankie in hand en verduidelik haar voorkeur vir die ratspoed van vibrators. Langs ons op 'n uitstalrak is 'n linie swaar, rubberpenisse soos kerse gepak. Een vrou na die ander streef en vroetel met die grootste en mees lewensgetroue een. Tussen betastings wieg dit byna onsigbaar stadig heen en weer, soos 'n wolkekrabber in wind. Ons staan omring deur 'n ontelbaar hoeveelheid DVD's van mense in onnoembare posisies, rakke vol plastiekgeslagsdele en peperduur speelgoed wat met apps werk en tog sê Monkoe byna moedeloos: "Ek kom elke jaar hierheen. Maar daar's niks nuuts nie."

Op die aand van die vierde dag begin die stamina taan. Dís die gesig van die Sexpo aan't afwen. Stalletjies word opgepak en "aktiveerders" skuifel leepoog voort. Steeds halfkaal, maar duidelik "oor dit".

## Les 6

Met haar paaldansprysgeld, koop sy toe 'n vliegkaartjie om vir haar ouers te gaan kuier

Kort ná 20:00 sit Kessuree Srisroy 'n pienk en wit hooftoisel van volstruisvere op haar kop en betree die hoofverhoog waar sowat 200 toeskouers op rye boontjiesakke (bean bags) lê en wag vir haar vertoning. Dié 28-jarige student en deeltydse paaldansinstrukteur, oorspronklik van Thailand, is die vorige aand as die wenner van vanjaar se nasionale paaldanskompetisie aangewys. Sondagaand het sy vir oulaas die paal gepak – tesame met van die ander deelnemers wat dié uitmergelende aktiwiteit beoefen. Srisroy, wat die prysgeld van R20 000 in kontant ontvang het, rank soos 'n klimop om die paal en selfs dié leek kon sien sy bemeester die filosofiese balanseertoertjie wat paaldans tans in die gesig staar. Enersyds word dit geëien deur 'n toenemende aantal vroue wat dit as 'n prettige fikswordspel sien – 'n tipe Pilatus met baie paal en bietjie houding.

Maar vir iemand soos Juanita Fouché, die eienaar en stigter van Basic Instincts Studios, is dit 'n rede tot kommer.

"Ons het die sensualiteit van paaldans verloor," meen dié geskeide "mamma van twee" wat agt jaar laas in 'n gimnasium was, maar wat geklee in slegs 'n bikini en kniehoogte stewels kan klouter en optrek in 'n staalhok dat jy net spiere sien bult. "Paaldanskompetisies is nou al omtrent 11 jaar in Suid-Afrika, professioneel. So, dis nie meer iets wat in 'strip'-klubs hoort nie... Maar my idee met hierdie kompetisie was om die sensualiteit terug te bring. Die hoë hakke, die vere..."

Fouché gee deesdae voltyds klas, maar weet waardeur baie paaldansers gaan: die opwarm in parkeerareas of kombuise van restaurante waar hulle moet optree. Sy wil die sport ophef, sonder dat dit té steriel raak. "Ons het almal begin paaldans omdat dit iets is wat seksueel is. As jy 'fitness' wil hê, kan jy 'gym' toe gaan," sy sê terwyl sy agter die hoofverhoog op 'n trappie sit en haar blinkleer stewels uittrek.

Agter haar word die hoofverhoog van Sexpo 2015 paal vir paal afgetakel.

---